

# Les 21

Teks: Johannes 8: 21 - 30

## 1. Inleiding

Ons gedeelte vandag begin met baie kontraste, en dit kom al reeds voor in vers 21 - 23. Dit is die volgende. Jesus kom van bo, terwyl die Jode van onder kom. Hy kom nie van die wêreld nie, terwyl die jode wel van die wêreld kom. Hy gaan waar hulle nie kan kom nie. En die is vir al hierdie gaan waar hulle nie kan gaan wat die fokus punt van vandag se teksgedeelte is. Dit is hierdie bestemming wat die vraag by die Jode opbring, of Jesus dan gaan selfmoord pleeg?

## 2. Jesus en selfmoord

Selfmoord deur die eeue is daardie sonde wat afsku bring by gelowiges. Dit was ook dieselfde onder die selfgereverdigde jode, hier is hoofstuk 8. Sien hierdie jode is 'n ander groep as wat in hoofstuk gedink het Jesus verwys na sy weggaan in hoofstuk 7, as bediening onder die Griekssprekende jode. Hierdie jode dink Jesus verwys daarna dat Hy selfmoord sal pleeg, hierdie selfmoord so dan verseker dat Hy na Gehanna (die dooderyk) gaan. Daar waar hulle, in hulle selfregverdiging nie heen sal gaan nie.

## 3. Is selfmoord verdoem tot die hel

Deur die jare is hierdie altyd maar weer 'n sensitiewe onderwerp onder gelowiges. Juis omdat dit steeds vandag nog gebeur. Daar is hoofsaaklik twee kant aan die debat rondom die saak. Dit lyk as volg:

Eerstens daar 'n groot groep gelowiges wat selfmoord sien as die sonde wat jou in die hel sal laat beland. Dit word gedoen aan die hand van die sesde gebod, jy mag nie moord pleeg nie. En om jousef dan dood te maak, beteken om jousef te vermoor. Daarby omdat jy dan onmiddelik sterf, is daar nie 'n kans dat jy tot bekering kan kom oor hierdie sonde nie.

Tweedens is die versagtende verwysing vandag baie gewild. Baie moderne kringe verwys vandag eerder na selfdood as selfmoord, want daar word gereken dat 'n mens net iemand anders kan vermoor, nie jousef nie. Dan word daar verwys na verskeie bybelfigure wat wel hierdie roete gevolg het. In die Bybel word van ten minste vyf mense melding gemaak wat selfmoord gepleeg het, naamlik Saul, Saul se wapendraer, Agitofel, Simri en Judas Iskariot

## 4. Nog 'n ironie in die Johannes evangelie

Tog is daar iets ironies waar in die gedagte dat Jesus selfmoord pleeg. 'n Ander figuur waarvan ons lees in die Ou Testament is natuurlik Simson. Simson wat uiteindelik met sy selfmoord, ook die oordeel bring oor die filistyne. En dan op hierdie manier ook die volk red uit die hand van hierdie Filistyne. En ons weet uit verskeie boodskappe dat hierdie juis die lyn is wat soms na Christus toe getrek word. Die redding van ander mense deur die dood.

Daarby weet ons uit Johannes 10:18 dat Jesus nie vermoor word nie, maar kies om sy eie af te lê. En ons weet ook uit Johannes 15:13 dat Christus hierdie lewe afgelê vir ons.

## 5. Wat staan letterlik in vers 21

In die grondteks word daar nie een woord vir selfmoord nie. Daar word eerder die twee woorde : ἀποκτενεῖ ἑαυτόν (*apokteinō heautou*) gebruik. Apokteino beteken om iemand te vermoor, terwyl heautou refleksief na jousef verwys. Hier staan dus letterlik in twee woord om jousef te vermoor. Dit is waarheen die Jode gedink het Jesus gaan, terwyl hulle Hom nie kan volg nie. Maar in dit alles kyk hulle die band met God die Vader mis.

## 6. Teksverwysings

- 1 Sam 31:4 & 5
- 2 Sam 17:23,
- 1 Kon 16:18
- Rigters 16: 23 -31
- Matt 27:5
- Johannes 10:18
- Johannes 15:13

## 7. Vrae

1. Wat sê die sesde gebod oor selfmoord?
2. Wat leer ons uit Ou Testamentiese Bybelfigure wat selfmoord gepleeg het?
3. Wat is die meer geskikte term selfmoord of selfdood?
4. Is iemand vir ewig verdoem wat Selfmoord pleeg?
5. Het Jesus Christus kom selfmoord pleeg?, verduidelik?

## 8. Bronne

1. Carson, D. A. (1991). [\*The Gospel according to John\*](#) (p. 342). Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.
2. Vincent, M. R. (1887). [\*Word studies in the New Testament\*](#) (Vol. 2, p. 169). New York: Charles Scribner's Sons.
3. De Bruyn, P. J. (1993). [\*Die Tien Gebooie\*](#). Midrand: Varia Uitgewers.